SARO/SACE sake:

Suid-Afrikaanse Raad van Onderwysers (SARO/SACE) is die professionele raad vir onderwysers wat in die beste belang van die onderwysberoep optree. Die onderwyswet bepaal dat elke onderwyser eenmalig by die raad moet registreer voordat hulle klas gee.

Hoe moet jy registreer?

1. Vul die registrasievorm in
2. Handig die voltooide vorm saam met afskrifte (gesertifiseer) van jou identiteitsdokument en kwalifikasie en 'n posorder van R200 by 'n plaaslike SACE kantoor in of pos dit na:

SACE
Private Bag X127
Centurion
0046

3. Betaling kan ook elektronies gemaak word by: https://www.sace.org.za/payments-page
4. Onthou 'n jaarlikse fooi van R180 is betaalbaar vir onderwysers wat nie hul salaris deur *persal* ontvang nie. Onderwysers wie se salaris wel deur *persal* gaan se paaiement word maandeliks outomaties van hul salaris afgetrek.

Minimum vereistes vir registrasie:

1. **Volle registrasie**: Diploma in onderwys op NKR-vlak 6 ('n 3 jaar naskoolse kwalifikasie)
2. **Voorlopige registrasie**: verskillende sektore onder verskillende omstandighede as volg:

· VKO-opvoeders in besit van NQF vlak 5-sertifikaat met 120 punte word voorlopig vir 3 jaar geregistreer en dit is hernubaar.
· Terapeute met 'n geldige HPCSA-registrasie word geakkommodeer soos per werkgewer (skool of ander instelling) se aanbeveling.
· AET-opvoeders in besit van 'n NKR-vlak 5-sertifikaat met 120 punte kan aansoek doen vir die 3-jaar hernubare registrasie. Daar moet 'n bewys van registrasie vir die diploma gebied word.
· Waldorf en Montessori se opvoeders kwalifiseer vir 'n 3-jaar hernubare status.
· Geskoolde persone met 'n N3 plus handelstoets word geakkommodeer soos deur die werkgewer aanbeveel.
· Studente-opvoeders word vir 4 jaar geakkommodeer totdat hulle gegradueer het.
· Eerstejaarstudente wat net vir Bed geregistreer het, moet 'n aanbevelingsbrief van die werkgewer verskaf.

Polisieklaring 2019

Vanaf 1 Januarie 2019 moet alle onderwysers wat by SACE wil registreer (nuwe en her-registrasies) 'n polisieklaring saam met hulle aansoek indien. Dit is verpligtend.
Die polisieklaring moet nie ouer as 6 maande wees nie en moet as deel van die aansoek om registrasie by SACE ingedien word. Indien u oorspronklike sertifikaat verlore geraak het, u steeds by SACE geregistreer is en u dit net wil vervang sal dit nie nodig wees nie.

Wat is 'n Polisieklaringsertifikaat?

Dit is 'n amptelike dokument waarin aangedui word of daar enige kriminele oortredings teen 'n persoon is. Die uitreik van so 'n sertifikaat is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die SAPD se Strafrekord- en Misdaadtoneelbestuur (CR &CSM)

Aansoekproses:

Besoek die naaste polisiestasie en vra om aansoek te doen vir polisieklaring. Die volgende inligting word benodig:

1. Volle naam en van
2. Geboortedatum
3. Plek van geboorte
4. Identiteitsnommer
5. Kontaknommer (selfoon)
6. Bewys van betaling (R114)
7. Afskrif van ID-dokument
8. Jou oorspronklike ID-dokument

'n Volledige stel vingerafdrukke word ook geneem. Die koste van die polisieklaring beloop **R114**, dit moet vooraf betaal word en die bewys van betaling moet ook saamgeneem word.

Die bankbesonderhede is as volg:

Suid-Afrikaanse Polisiediens
ABSA
Rekeningnommer: 4054522787
Takkode: 632005

Dit neem ongeveer 15 dae om die klaring te ontvang, maar berigte van tot so lank as 6 weke is ook al ontvang. Dit is jou eie verantwoordelikheid om dit weer by dieselfde polisiestasie te gaan haal.

Bronne:

www.sace.co.za placeholder
SOS Skoleondersteuningsentrum